March 2023 | vol 25

#INTEGRITASZA MONTHLY

INSPIRE AND INNOVATE/INSPIREER EN INNOVEER

CiviNovus
SOCIAL INNOVATION

#integritasza
THE MOVEMENT



"Persoonlike integriteit is 'n waarde en eienskap van iemand wat morele integriteit, opregtheid en eerlikheid in gedrag het. Oor die algemeen is 'n persoon van integriteit iemand wat vertrou kan word."
- Bobbie Johnson

Dr. Frederick Marais skryf:

Integriteit is soos die spreekwoordelike mosterdsaad (Matt 17:20), klein en vir meeste mense onsigbaar aanvanklik. Die geskiedenis leer ons egter dat dit is juis wanneer individue oor tyd volhou met hierdie klein toegewyde dade van integriteit dat dit ‘n groot ommekeer bring. Soos die klein mosterdsaad wat later ‘n groot boom word. Integriteit word in ‘n samelewing herstel deur oor tyd met toewyding en konstantheid te kies vir waardes soos eerlikheid, respek, diensbaarheid.

Jean Giono, ‘n Franse skrywer, het bekendheid verwerf vir sy essay, *The man who planted trees*. Die verhaal van ‘n skaapwagter in die Franse Alpe wat tydens die Eerste en Tweede Wêreld Oorloë geleef het. Die vallei was plat geskiet en verwoes deur die oorlog, gestroop en verlate.

Vir ‘n leeftyd het hy elke aand akkers uitgetel en in sy knapsak gesit. Wanneer hy die volgende dag sy skape laat wei, het hy die honderd akkers geplant, elke dag. Oor tyd het die vallei weer lewe gekry die akkerbome het gegroei en bosse geword, fonteine het weer ontspring, die voëls het terug gekom, gemeenskappe het weer kom vestig en ruïnes is herbou. Maar daar was weer ‘n oorlog wat byna alles wat hy herstel het, weer platgeskiet het. Hy moes byna weer voor begin. Maar hy het, maar soos dit sy gewoonte was elke aand sy knapsak vol akkers gemaak en die volgende dag gaan plant.

In 1987 het Frederick Back ‘n animasie kortfilm van die verhaal gemaak waarvoor hy ‘n Oscar toekenning verwerf het. Ek kyk die film telkens as ek voor ‘n uitdaging staan waarvan gesê word dat dit onmoontlik is om reg te stel. Dit is die tonele waar die skaapwagter saans by kerslig sit en die akkers sorgvuldig uitsoek en in sy knapsak sit, wat my bybly. Hy gaan eenvoudig onverstoord voort elke aand ten spyte van die verskrikking van die verval om hom.

Ek wonder elke keer of hy getwyfel het of sy plan gaan werk? Of hy ook soms ontmoedig geword het as sade nie opgekom het soos wat hy gehoop het nie? Maar geduldig het hy elke dag nog sade geplant, elke dag... vir ‘n leeftyd lank. Ek dink wat ons skaapwagter deurgedra het, is dat hy in sy verbeelding kon sien hoe lyk sy geliefde vallei wanneer die akkerbome welig daar staan.

Ons gaan nie integriteit in ‘n oogwink herstel in ons wêreld nie, dit gaan ‘n leeftyd se toewyding vra, dekades se daaglikse toewyding van klein aksies van die regte ding doen. Die Hervormer Martin Luther het immers gesê, as dit môre die einde van die wêreld is, plant ek vandag ‘n boom. Dit is nooit te laat om te begin nie...

Frederick Marais
PSD: Kerklike Opleiding
Communitas
Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
Stellenbosch
T: 021 808 9051
jfm@sun.ac.za
PBO 9300 13251

hugenote kollege

Waar Christenwees grondvat in opleiding

Maak 2023 'n jaar om te onthou en skryf in vir uitvoerende kortkursusse van die **Skool vir Sosiale Innovasie**. Ctrl + Click en volg die skakel Hugenote Kollege Web

Enroll and make 2023 a year to remember, Ctrl + Click http://www.hugenote.com/socinno.php

- **Corporate Governance and Ethics for Social Business** starting 26 April 2023
- **Human-centred Design Thinking for Social Innovation and Entrepreneurship** starting 31 May 2023
- **Impact Assessment for Social Business** starting 26 July
- **Mentoring and Coaching, Personal Mastery and Emotional Intelligence for Social Business** starting 6 September 2023

Corporate Governance and Ethics For Social Business (CGESB)

This course establishes a clear skillset for directors and managers, allowing them to reconcile external and internal controls, risk management, competitive behaviour and adherence to corporate law and ethics.

Hierdie kursus vestig duidelike vaardighede vir direkteure en bestuurders. Dit stel hulle in staat om eksterne en interne beheermaatreëls, risikobestuur, mededingende gedrag en nakoming van korporatiewe reg en etiek te versoen.

Registration: Friday 21 April 2023 and payment of R3,900.00
Duration of the Course: 15 February till 20 March 2023

Three (3) **Zoom sessions** of four (4) hours each:

1. Wednesday **26 April** from 12:30 till 16:30
2. Wednesday **3 May** from 12:30 till 16:30
3. Wednesday **10 May** from 12:30 till 16:30

Dutch Reformed and United Reforming Church ministers can earn **CPD points / NG en VGK dominees** kan **VBO punte** verwerf. NG en VGK werknemers kan aansoek doen vir 'n **Communitas beurs** by Bridget Leibbrandt by bleibbrandt@kaapkerk.co.za.

Any additional information contact Lyzette Schwella at academyssi@hugenote.com

APPLY by clicking on Hugenote Kollege Web

Become a Member: Support our Purpose to create wholeness and combats corruption!

We ACT – create Awareness of the value of integrity; it informs our Choices and builds Trust.

E-mail us at / stuur e-pos aan: admin@civinovus.co.za and visit / besoek www.civinovus.co.za or access the #integritasza social media tags. Contact/kontak Werner Schwella on/op 083 591 669.



Advertise here for R350 per month.